OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 22 OKTOBER 2021 OM 10:00 TE PALINGSTRAAT 214, OESTERBAAI

TEENWOORDIG
Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Martiens Kunneke
Joe Meyer – telefonies in gesprek
Hylien de Jonge
Riekie Pienaar
Anita Swanepoel
Buks Degenaar

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter heet almal teenwoordig welkom en open die vergadering met gebed.

Walter noem dat hy in die lig van die verkiesing 'n berig op die Oesterbaai Vakansie WhatsApp groep geplaas het, dat Kouga aangewys is as die beste Munisipaliteit in die Oos-Kaap en 10e beste in die land. Negatiewe kommentaar is daaroor gekry. Hy meld dat ons waarskynlik nie weer die standaarde van 30 jaar terug sal ervaar nie. Die vergelyking moet nou tussen die kwaliteit van bestuur van huidige munisipaliteite wees. Hy druk dit op die Komitee se hart dat hulle as verenigde front sal staan en in die Komitee sal praat en nie na buite nie. Walter meld ook dat die Burgemeester, die Speaker en Rdl. Benson hom besoek het en erken het dat daar nog tekortkominge in die kleiner dorpe is.

2 VERSKONINGS

Otto Pepler

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE

Die notule van die vergadering, gehou op 8 Januarie 2021, word aanvaar en goedgekeur. Adriaan stel dit voor en Martiens sekondeer.

4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

4.1 Finansies

Martiens lê die finansiële state van November 2020 tot 30 September 2021 voor.

Balans: R 43 031.60

Inkomste uit ledegeld: R 9 700.00
Donasies: R 55 350.00
Totaal: R67 550.00

Uitgawes:
Paaie/Duine: R 2 800.00
Saal: R 4 080.00
Skryfbehoeftes/Drukwerk: R254.00
Instandhouding: R 225.00
Wandelpad: R 15 000.00
Bankkoste: R 2 159.40 & R 24 518.40

Netto oorskot; R 43 031.60

Totale Banksaldo: R 163 807.84

Martiens noem dat die syfers sal verander, aangesien nog inkomste teen einde Oktober verwag word.

Statistiek: 86 Gesinne betaal ledegeld
194 lede

Permanente huishoudings: ± 65

Daar is 'n baie goeie styging in ledegeld. Gesinne wat nooit betgaal het nie, dra nou by. Daar is egter nog steeds baie eienaars wat nie ledegeld betaal nie.

10 ander donateurs:	R 10 650
Totaal:	R 17 900

Martiens noem dat Walter, Adriaan en Buks onkostes aangaan en nie daarvoor eis nie. Hy versoek dat hulle die uitgawes eis, dan kan dit as skenkings opgeskryf word.

AKSIE: MARTIENS, WALTER, ADRIAAN EN BUKS

4.2 GEMEENSKAPSAAL

Walter lig die vergadering in dat die Munisipaliteit begin het met verbeteringe en herstelwerk van die saal. Die geute is vervang, werfwerk is gedoen, 'n wasbak is vervang en so ook 'n stukkende deur. 'n Afvaardiging van die Munisipaliteit het 'n opname kom doen van die behoeftes. Die brief wat Walter 14 maande terug aan die Munisipale Bestuurder gestuur het oor die behoeftes en 'n nuwe/beter MOU, was in hulle besit.

Volgens Buks word goeie werk gedoen.

Ondernemings deur die amptenare gegee, behels die aanbring van 'n plafon, rakke en bykomende wasbak in die kombuis en die vloer wat 'n nuwe laag sement sal kry en wat geverf sal word. Vier watertenks wat op elke hoek van die saal aangebring sal word, is reeds bestel. Die water sal vir die saal aangewend word. Die saal word ook weer omhein om vandalisme hok te slaan en voertuie te beveilig.

Martiens onderneem om Adam te kry om die siek aalwyne by die ingang van die saal uit te haal. Michael wat die werk by die saal gedoen het, het onderneem om dit weg te ry.

Hylien versoek dat volgende jaar gekyk moet word na 'n plafon en ligte in die biblioteek. Walter sal die behoefte ook aan die Munisipaliteit deurgee. Walter onderneem om 'n nuwe LED buislig te installeer.

AKSIE: MARTIENS EN WALTER

4.3 OMGEWINGSAKE

4.3.1 Duine

Joe sal DV 22 November in Oesterbaai wees. Joe noem dat Nomvelo toerusting vir die duine gereël het wat gereed sal wees wanneer hy hier arriveer

Walter lig Joe in dat die duin weer opbou by die Koens se huis en dat die duin by die Bouwerhuis nog plat is. Die duin by die rivierloop is steeds oop, maar die braaiarea moet oopgeskraap word.

Walter lig die vergadering in dat die Munisipaliteit onderneem het om die vervalle ablusie gebou by die strand met 'n nuwe te vervang.

Joe versoek dat die riooltenk by die ablusie gesuig moet word. Walter sal dit reël.

AKSIE: JOE EN WALTER

4.3.2 Paaie

Op navraag van Joe noem Walter dat die grondpad tans redelik goed is. Die afdraai na Oesterbaai is egter nog in 'n swak toestand.

Die slaggate in Oesterbaai is herstel, die grondstrate lyk goed. Daar is nog werk by Braam se huis asook by die keerwalletjies wat plek-plek slootjies gespoel het. Umzamowethu se pad is ook geskraap. Joe onderneem om gruis te reël om die werk te doen.

Joe verneem na die dreineringslote. Walter noem dat sommige slote aandag moet kry. Martiens sê dat daar geld beskikbaar is.

Joe en Walter bedank Buks vir die werk wat hy aan die paaie gedoen het.

AKSIE: JOE EN WALTER

4.3.2 Verkeerseilande

Walter noem dat hoë plante op die eilande gevaarlik kan wees. Martiens onderneem om daarna om te sien en weer die eilande netjies te maak.

AKSIE: MARTIENS

4.4 AFVALSTORTINGSTERREIN

Walter noem dat dit baie beter by die stortingsterrein lyk. Die hekke word steeds nie gesluit nie. Sommige inwoners stort bou afval na-ure. Sommige inwoners misbruik die Munisipaliteit se trokke wanneeer hulle takke kom laai.Die toilet waai om en die deur is af.

Riekie stel voor dat mense hulle takke moet sny en dan in die bins by die stortingsterrein moet gooi.
Joe sê dat hy weer takke benodig vir die duine.

Die takke en stompe op die duine raak gevaarlik. Die wind waai dit oral, dit veroorsaak beserings en lyk onooglik. Joe onderneem om dit op te ruim.

AKSIE: JOE

4.5 KOMMUNIKASIE

Walter is positief oor die kommunikasie op beide die WhatsApp groepe. Hy het die bepalings van die POPI Act gekommunikeer en kontakte kan hulle self van die groepe verwyder. Versoeke vir byvoegings word d.m.v. uitnodigings gedoen sodat mense self moet besluit of hulle wel by groepe wil inskakel.

4.5.1 Nuusbrief

Joe onderneem om die Nuusbrief saam te stel. Hy versoek dat inligting en foto's na hom aangestuur moet word. Jana Marais het ook aangebied om behulpsaam te wees. Die Nuusbrief verskyn voor Kersfees.

AKSIE. JOE EN ALLE LEDE – FOTO'S EN INLIGTING NA JOE.

4.6. KERSMARK

Walter noem dat die wetenskaplikes 'n 4e vlaag Covid verwag en dan kan die mark weer gekanselleer word. Martiens noem dat die versekering baie duur is. Riekie noem dat die tyd baie min is om al die aansoeke in te dien en op te volg. Vyf owerhede moet toestemming verleen. Die Komitee is dit eens dat 'n Kermark nie hierdie jaar gehou moet word nie.

Joe stel voor dat vorige uitstallers 'n geleentheid gegun moet word om hulle produkte te bemark. Riekie sal hulle skakel en die wat belangstel kan dan eenmalig, gratis, 'n advertensie op die WhatsApp groep plaas. Belangstellendes kan dan die uitstallers kontak.

AKSIE: RIEKIE, WALTER

4.7 KERSDIENS

Walter sê daar is 'n behoefte onder Oesterbaaiers vir 'n Kersdiens. Vyftig persent van 'n gebou se kapasiteit kan 'n diens bywoon en dit is 250 mense vir die saal.

Adriaan stel voor dat dit buite gehou moet word. Joe stel voor dat daar na albei alternatiewe gekyk moet word. Indien daar goeie weer is, kan dit buite gehou word, andersins in die saal.

Adriaan sal vir Dawie van Umzamowethu kontak oor hulle kerk se klankstelsel.

Buks sal die twee vroue predikante wat reeds hier op Oesterbaai gepreek het kontak om die diens waar te neem.

Martiens noem dat die betaling uit die kollektegeld geneem kan word.

AKSIE: BUKS EN ADRIAAN

4.8 ALGEMENE JAARVERGADERING

Die algemene Jaarvergadering word geskeduleer vir Dinsdag 21 Desember 2021, om 10:00 in die Gemeenskapsaal.

4.9 UMZAMOWETHU.

Hylien verneem na die lys van werkers met speiale vaardighede uit Umzamowethu wat na Adriaan gestuur sou word. Walter noem dat hierdie onderneming vir die OIV probleme inhou, aangesien persone wat aanbeveel word en dan swak presteer daartoe kan lei dat die OIV vir die swak werk verantwoordelik gehou word.

Adriaan meld dat hy sy werksaamhede in Umzamowethu steeds beperk. Hy sal nie verder by maatskaplike aangeleenthede betrokke wees nie. Hy sal steeds met sy handvaardigheidsprojek voortgaan. Hulp sal steeds verleen word met Sassa en Gesondheidsdienste.

Joe stel voor dat 'n Vrouekomitee gestig moet word om Umzamowethu se vroue te bemagtig. Adriaan noem dat Rdl. Majoni mense aangestel het, maar die werk word nie gedoen nie. Walter onderneem om navraag in Oesterbaai te doen.

AKSIE: ADRIAAN EN WALTER

6.10 BESTUURSKOMITEE 2022.

Walter noem dat Maranda Degenaar haar hulp aangebied het by die Inwonersvereniging. Riekie sê dat nuwe bloed altyd nodig is. Die Komitee stem saam dat Maranda genomineer moet word.

4.12 TOERISME

4.12.1 Wandelpad

Otto het aangedui dat hy die wandelpad sal opknap met sy eie werkers. Martiens stel voor dat Rodriques gebruik word, aangesien hy al die toerusting daarvoor het. Hy noem ook dat die wandelroete moeilik is vir ouer mense en dat daar na die toeganklikheid gekyk moet word.

AKSIE: OTTO

5. NUWE SAKE

5.1 LEWENSREDDERS

Joe noem dat die lewensredders hom skakel en dat hy hulle na die NSRI verwys. Walter beklemtoon dat hulle die Munisipaliteit se verantwoordelikheid is. Die NSRI sien slegs om na die vaardighede van die lewensredders. Walter sal dit met Lodewyk bespreek.

AKSIE: WALTER

6. VOLGENDE VERGADERING

Die datum sal na aanleiding van behoefte bepaal word.

7. AFSLUITING

Walter bedank almal vir hulle teenwoordigheid en deelname en verdaag die vergadering.

_____ _____

Voorsitter **Sekretaresse**

_____

Datum